8.

Die tegniek van lees en skryf!

Mnr "i" en juffrou 's' trou, dan word hul Mnr. + Me. 'is'. Die familie 's-e-s'. Ens.

is

ses

Onthou om my te volg!

9.

Nie 'bee'!

Wenk:

"Die 'b' en 'd' bly twee moeilikheidmakers! Ek het gevind dat hierdie 2 stories die beste werk omdat ek dit ook aan die skryfwyse koppel. Onthou: hy klink nie 'bi' nie, maar 'b' met die lippe gevorm!

hoofsaaklik

Ek bou eers 'n muur .

Nou skop ek die b-b-b bal b-b-bo-oor en hy kom lê teen die muur, so:

"

10.

'd'

Nie 'dee'!

Wenk:

"Bou nou eers die d-d-dam en dan 'n hoë muur sodat niemand kan loer as ons wil swem nie!"
Herhaal die storie terwyl die klank (letter) geoefen word.

d+b

Lê hierdie twee klanke deeglik vas, deur herhaling van die stories en klank terwyl hulle dit skryf.
Baie kinders struikel oor hierdie klanke! U kan die struikelblok só uit die weg ruim.

'u'

Wenk:

"Die son is baie warm en ek werk in my tuin. Ek is baie moeg en gaan in die hut om te rus. Ek gaan sit op die rusbank. My rug is seer. Ek sê: 'U-u-u my seer rug!'"
Na die rus voel ek baie beter.
Sit jou hand op jou keel en voel waar vorm die 'u'. Herhaal die klank en skryf dit groot op 'n papier terwyl Juffrou verduidelik.